Jaargang 4 #13 26 April 2015

09:30 Oggenddiens

Dr Danie de Kock

Tema: Die Here bou met ons en ons kinders 'n persoonlike verhouding

Sing: Lied 464:1,3 & 4
Sing: Ps 147-1:1 & 5
Sing: Sb 2-1:1,2,6 & 7
Skriflesing: Jesaja 42:18 – 43:7 **Teksvers:** Jesaja 43:1
Sing: Ps 33-1:5 & 6
Doop
Sing: Sb 8-1:1 & 2
Sing: Sb 18-1:1,4 & 5
Amen: Sb 13-3

11:30 International Service

Dr Raymond Potgieter

Theme: The hardness of our hearts
Scripture reading: Mark 4:30-52 **Text verses:** Mark 4:52 cf. Ezekiel 36:26

18:00 Aanddiens

Prof Ferdi Kruger

Tema: God roep ons om satelliete in, op en oor die Bult-omgewing te wees

Lofprysing

Loof die Here van die skepping

Lied 201:1-3 Lofsing die Heer
Lied 199:1-3 Loof die Here uit die hemel
Lied 191:1-3 Grote God, ons bring U eer

Sing: Lied 184:1-4
Sing: Sb 8-1:1 en 2
Skriflesing: Johannes 4:1-42
Teks: Johannes 4:7,10,13 en 42
Sing: Sb 15-1:1-4
Amen: Sb 13-1

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: Fanus vd Merwe & Gert vd Merwe	Diaken: Johan Reynecke

Verjaarsdae

Vandag, 26 April

Jan du Plessis	073-166-8166
Sanet van der Merwe	072-219-3354

Maandag, 27 April

Maria de Villiers	072-445-3442
Maretha Pelser	079-890-4209
Annemarie Schoeman	083-454-5412

Dinsdag, 28 April

Jaco Coetzee	082-852-4548

Woensdag, 29 April

Attie de Lange	082-359-3059
Celeste Iorio	072-911-2313
Shané Jv Rensburg 21	078-458-1501

Donderdag, 30 April

Godwin Mushayabasa	072-844-6754

Vrydag, 1 Mei

Carli Coetzee 2	082-768-3806
Herman de Jong 17	083-570-1573

Saterdag, 2 Mei

Heilna du Plooy	082-300-9068
Jan-Hendrik Muller 19	072-512-2617

Sondag, 3 Mei

Aaltje Dekker	083-501-8591
Isaac Kang 9	079-112-3375
Chris Reinecke	072-467-8779
Marietjie Schutte	084-580-1961
Roelien Werkman	082-921-5807

Maandag, 4 Mei

Lientjie Venter	074-959-4493
Maryna Venter	076-157-3745

Dinsdag, 5 Mei

Zabeth Robinson	018-293-3074
Wihan Sarakis 21	082-779-5165
Nico van der Merwe	082-344-8316

Woensdag, 6 Mei

Maritha de Jager	082-464-9800
Aiden Pretorius 8	072-595-8930
Jan Swanepoel	076-959-4340
Dalene van der Walt	072-460-9719
Henriette vd Zwan	082-859-2229
Miquet van Tonder	083-389-6613

Donderdag, 7 Mei

Valerie Louw	073-717-5148
Martea van Belkum	084-602-1898

Vrydag, 8 Mei

Arné Smit	071-670-2409

Saterdag, 9 Mei

Izette Schouwstra	072-211-4797

Daar sal nie volgende Sondag 'n Lantern wees nie, as gevolg van die twee langnaweke.

Ons straatkinders & Thakaneng (3)

'n Wenk oor wat jy vir die volgende straatkind kan doen wat geld vra vir kos: "Reg, ek sal vir jou kos koop, dan vat ek jou en die kos na *Thakaneng*, jy kan die kos daar eet en hulle sal vir jou slaapplek gee saam met ander kinders, en more sal hulle weer vir jou kos gee."

Wat het hulle nou nodig om 'n bietjie te verbeter aan hulle skuiling? Hout en/of 'n skrynwerker om vir die kinders hokkies te maak vir hulle klere; nog 'n paar stapelbeddens en matrasse; 'n klompie hangslotte vir bestaande kassies; 'n gebed vir die personeel wat hierdie plek 24/07 aan die loop hou (Telefoon/Faks: 018 297 0825; langs SASSA, naby Ikageng se ingang).

Fanie Jansen van Rensburg

Teeskinkbeurte

26 April
Geen teeskink geskeduleer a.g.v. langnaweek

3 Mei
Geen teeskink geskeduleer a.g.v. langnaweek

10 Mei
Wyk 5 (Christa Smith - 0734589555)
KG 5 (Lizelle le Roux - 0794280191)

Baie dankie!

In die wintermaande drink die lidmate van die Internasionale Diens ook tee en koffie (ipv koeldrank). Onthou daarom om nie die urn, koppies, ens. te bêre na die Afrikaanse Oggenddiens nie.
EERS VAN 10 MEI AF.

Meelewing

Vanoggend bring **Izak** en **Willemijn de Kock** (082-447-0693) vir **Henrieke** om gedoop te word. Baie geluk aan julle en ook al die familie.

Ons dink aan **Daniël Maritz** (082-371-2040) wat steeds in Pretoria behandeling ontvang nadat 'n deel van sy een nier verwyder is.

Hans Botha (079-126-2620) se gesondheid het die laaste tyd verswak en die liggaamskragte het afgeneem. Ons bid vir hom en **Marie** baie sterkte toe en is dankbaar vir die mooi geloofsgetuienis in hulle omstandighede.

Gert en **Doefie Krüger** (072-741-3403) se dogter, **Lida**, ontvang Woensdag haar doktorsgraad by Unisa. Baie geluk!

Volgende Sondag word **Erik** en **Louise Wyma** (082-336-8466) se seuntjie **Francois** gedoop. Byvoorbaat geluk aan julle en die familie!

Die volgende Diakonie-vergadering sal plaasvind op 17 Mei (nie meer 10 Mei nie).

Wintersfunksie: Duitse ete

Die Susters nooi u hartlik uit na 'n heerlike Duitse kuieraand op Vrydag 8 Mei 2015!
Tyd: 18:00
Plek: Ons kerksaal (h/v Molen- en Borcherdstraat)
Toegangsfooi by die deure: R50 vir volwassens en R30 vir kinders.
Spyskaart: Bratwurst, sauerkraut, mash en gravy. Appelstrudel en koffie vir nagereg.
Bring asb u eie drinkgoed en eetgerei.
Prys vir die beste uitrusting (indien jy wil aantrek volgens die tema!)
Skryf asb u name op die lys in die portaal indien u die Duitse ete gaan bywoon.

Welkom hier!

Hannetjie & Dawid Loots
082-872-0722

Corlien Vooys
073-413-2715

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Pinkster op die Bult

Die herdenking van die uitstorting van die Heilige Gees is 'n besondere gebeurtenis wat ons as gelowiges en die kerk in sy geheel met blydskap vier. Ons beplan om jou as gelowige, en ons as gemeente, by te staan in die verdieping van ons verhouding met die God, die Heilige Gees. Mag ons groei in ons verstaan en belewing van die feit dat die Gees in ons teenwoordig is en in ons werk.

Uitreike

Ons wil elke lidmaat, elke wyk, elke Bybelstudiegroep en elke Kleingroep uitdaag om in hierdie tyd 'n uitreikgeleentheid in, op, of oor die Bult te doen. Pinkstertyd herinner ons aan die begin van die Nuwe Testamentiese kerk en die uitdra van die Evangelie oor die hele wêreld. Dit kan 'n eenmalige aksie of die begin van 'n voortdurende aksie wees. Op Sondag 24 Mei, tydens ons saameet met lidmate van Venterskroon, wil ons geleentheid skep om te kom vertel wat die Here in die tyd gedoen het.

Uitreike wat reeds beplan word waarby jy(of jou gesin/kleingroep) kan inskakel:

1. Insameling van komberse vir behoeftige mense: Kontak Rudi van der Merwe 082 406 2869
2. Besoeke of Bybelstudie saam met die mense, wat deel is van ons Tswana bediening: Kontak Martiens Heymans 072 934 9135
3. Besoeke aan ons bejaarde lidmate, wat moeilik of glad nie meer na ons gemeente aktiwiteite toe kan kom nie: Kontak Ans Geertsema 073 192 8976
4. Moontlike projek by Thakaneng kinderskuiling: Kontak Nico Botha 071 264 0990

Onthou die G5 Koffiekarretjie is beskikbaar om koffie op die Bult te gaan gee. Die sopkombuis vind elke Maandag plaas, so daar kan ook 'n geleentheid wees om iets te doen. Die insameling van klere vir die mense van Venterskroon is ook nog aan die gang. Is daar nie iets wat ons vir die personeel van Beskermingsdienste kan doen nie? Is daar al 'n groep wat ons lidmate uit ander lande ondersteun in hierdie spannende tyd vir hulle? Dink iemand aan die polisie en ander noodpersoneel? Hoe kan ons kinders deel wees van hierdie uitreikgeleenthede?

Laat weet asb vir Willem Steyn as jy nog idees vir projekte het of wonder oor hoe om 'n projek te loots.

Preekreeks

Ons beplan om op 17 en 24 Mei 'n preekreeks vanuit Efesiërs oor die Heilige Gees te hou. Die volgende gedeeltes word behandel. Ef.1:3-14, Ef.1:15-23 en Ef.3:14-21

Kleingroepriglyn

Ons gaan 'n kleingroepriglyn uitwerk met die versoek dat kleingroepe vanuit Ef.5:18 'n byeenkoms hou wat hulle dan toepas op een, of meer van die verhoudinge wat in Ef 5, 6 aangeraak word.

Bult 103

Bult 103 – Die Persoon en die werk van die Heilige Gees. Prof Ferdi Kruger gaan DV op Sondag 17 Mei om 16:30 'n geleentheid lei om, ook uit Efesiërs, vir ons toerusting te gee oor die Persoon en die werk van die Heilige Gees.

Saameet

Op Sondag 24 Mei eet en kuier ons saam met lidmate van Venterskroon. Hou solank die middag oop asb.

Pinkster op die Bult

– Gesamentlike Diens –

Ons jaarlikse gesamentlike Pinksterdiens met Oos, Mooirivier, Venterskroon en ander gemeentes vind DV weer op Sondag 24 Mei om 14:30 in ons kerkgebou plaas. Die diens het 'n multikulturele karakter en is gerig op die belewenis van die eenheid in die Here, al is ons gelowiges uit verskillende agtergronde en kulture. Lidmate wat gewoonlik ons internasionale diens bywoon skakel ook by die diens in.

Daar is nie vanoggend Preekbegeleiding vir die Gr1-3's nie. Daar is wel Kleuterbediening wat aangekondig sal word.

En tog...

Geskryf deur Willemien van Heyningen
Oktober 2014

Toe die familie op 'n motreën-midwinterdag in 1949 op die kaai 'n kringetjie om ons maak en *Laat 's Heeren zegen op u daal* vir ons sing, het ons almal gehuil - en daarna het pa Cor en ma Trijntje met hulle ses kinders, saam met nog 800 Hollanders, aan boord gegaan van die Sibajak wat ons na ons nuwe vaderland moes neem.
"Om naar Zuid Afrika te emigreren is een goed doordacht besluit, genomen in vertrouen op God's voorzienigheid en ter wille van de toekomst van onze kinderen in een zonnig, Christelik land," het ek pa verskeie kere hoor sê.
Drie weke op die skip. Pa dra sy driemaande oue dogtertjie - die jongste passasier - in 'n reiswiegie rond. Ma probeer sake leefbaar hou in hut 46. Dié kajuit is gelukkig in die middel van die skip sodat nie een van ons seesiek word nie - nie eens in die baai van Biskaje nie. Die swembad en die dekspeletjies en Neptunis se 'doopplegtigheid' as ons oor die ewenaar gaan, maak die vaart 'n opwindende reis en daar heers 'n gemoedelikheid tussen die passasiers.

Tot die trotse Tafelberg voor ons verrys.
'n Eerbiedige opgewondenheid daal neer oor die passasiers op die boeg.
Maar toe pa vir Trudi in haar mandjie trots by die loopplank afdra en hy voet aan wal sit, het ek my verbeel ek hoor hom sê: "... in vertroue op God se voorsienigheid, my kind."
Dit was daai tyd.
En nou is dit 2014.
Ek en jy sien hoe die wêreld verander het. Kleiner geword het. Alles is nader, vinniger, makliker, meer effektief, meer aanloklik, met beter werkgeleenthede oral ...

En tog weet ons, voel ons, dat nie alles verander het nie.
Nie as dit by skeiding kom nie.
Hartseer het hartseer gebly.
Verlange bly verlange.
Ver bly ver.

Gelukkig is jy as jy weet dat jou kind sý kind se mandjie op 'n vreemde bodem neergesit het in die vertroue op God se voorsienigheid ...

Die Evangelie in Hanoi, Vietnam

Koos woon en werk in Hanoi, Vietnam. Hy gee Engelse klasse maar is ook intensioneel besig om die geleentheid te benut om die Evangelie in 'n heidense land te verkondig. Hy huur 'n huis waarin 'n hele aantal Viëtnamese studente saam met hom bly. Hulle is almal reeds Christene. Die mense in die huis aanbid saam en word ook die basis waarvandaan die Evangelie verder in die land versprei word. Na 'n besoek van Fanie en Judie verlede jaar aan hom en die terugkeer van Magdaleen Venter, wat agt maande in Vietnam gebly het, is ons kontak met Koos beperk tot gesprekke oor "skype". Gedurende die vakansie kon ek met Koos 'n gesprek hê en ek kan rapporteer dat dit met hom en sy huisgenote goed gaan. Met uitsondering van een persoon het die inwoners nie onlangs verander nie wat kontinuïteit meebring. Van die inwoners se ouers, wat in die platteland woon, het onlangs tot geloof gekom. Omdat daar nie geloofsgemeenskappe in die platteland is nie, is dit moeilik vir die jong gelowiges om te groei in die geloof.

Tydens Februarie het die tradisionele jaarwisseling in Vietnam plaasgevind en baie feeste en offers word ter ere van voorvaders gehou. Dit was die jaar weer 'n goeie geleentheid vir Christene om getuienis te kon lewer..

Koos het einde verlede jaar 'n konferensie van Gereformeerde kerke in Taiwan bygewoon en is betrokke by die reël van 'n opvolgkonferensie teen die einde van die jaar.

Die kerkraad het begroot om 'n bydrae te kan maak indien Koos binne die volgende jaar of wat dalk weer 'n besoek aan Suid Afrika kan bring sodat bande met sy bediening daar verstewig kan word. Ons hoop dat so 'n besoek êrens die nabye toekoms 'n werklikheid kan word.

Ons bid vir Koos, die inwoners in die huis asook vir die ouers van die jong mense wat tot geloof gekom het. Mag hulle geloof versterk word en mag die Here hulle gebruik om kragtige getuienis van Jesus Christus te wees in 'n stad waar daar na raming slegs 1% Christene is.

Fanie Coetzee

Liefdegawes

by die deure

26 April
Oggend: Thusofonds
Aand: Meelewingsfonds
3 Mei
Oggend: Pemba Teologiese Kollege
Aand: Meelewingsfonds
10 Mei
Oggend: Teologiese Skool Publikasies
Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Geskenkpakkies vir Venterskroon

Saterdag 17 Mei

Baie dankie vir al die komberse, klere en skoene wat reeds ontvang is. Ons het nog een maand om ons kaste te bestudeer. In die verlede het die kinderklere aan die kortste speen getrek. Onthou: alles wat ons nie meer gebruik nie, is vir iemand anders goud werd. Sal ons n groot eindpoging aanwend om die liefde van Christus met die mense in die koepel te deel? Bring u bydrae na die kerkkantoor.

www.scriptura.co.za

Ons vind vandag heelwat inligting op die internet vanuit allerlei geloofskringe. Tog, is die Gereformeerde stem op internet taamlik stil.
Dit is juis om hierdie rede, dat die webblad www.scriptura.co.za op die been gebring is. Dit is 'n webblad wat poog om 'n groot databasis van artikels asook preke van predikante en teologiese studente in die Gereformeerde Kerk te versamel.
Jy kan dus gerus op die webblad gaan soek vir antwoorde op vrae soos: is aborsie reg of verkeerd? Hoe moet ons Openbaring verstaan? en nog vele ander. Daar is byna daagliks nuwe leesstof!
Gaan kyk gerus!
Kontak my gerus as jy vrae het, of, as jy iets op die webblad wil plaas!
Marnix Boersema
071 363 5456 / marnix@scriptura.co.za

Ons wil graag 'n resepteboek vanuit ons eie gemeente bekendstel.
Deel met ons jou gunsteling resep asook die storie agter dit.
E-pos dit na mercia.venter72@gmail.com en eunicestoltz@gmail.com of gee vir ons 'n kopie by die kerk.
Vir meer inligting kontak
Mercia Venter: 083-468-2075
Eunice Stoltz: 083-595-8981
Enige resep is welkom!



PEMBA
Teologiese Kollege

Een van die groot probleme van die jong kerke in Afrika is die gebrek aan teologiese kennis van die geestelike leiers van die kerke.
Die Pemba Teologiese Kollege het ontstaan uit die toewyding van 'n personeellid van die Melaatse Sendingorganisasie wat iets wou doen ter verbetering van die teologiese kennis van die geestelike leiers in Cabo Delgado, die noordoostelike provinsie van Mosambiek. Hierdie aksie het mettertyd gegroei tot 'n teologiese kollege wat wye erkenning geniet in die kerklike kringe in Pemba en omgewing. Daar word baie gebruik gemaak van die kennis en doseervermoë van die plaaslike sendelinge om lesings vrywillig aan te bied. Arie de Kruijff, wat bande het met ons gemeente, is ook gemoeid met die beheer van die kollege en die gee van lesings.
Een van die groot probleme met inrigtings van hierdie aard is die finansiering daarvan. Plaaslike finansieringsbronne is maar skaars en die kollege is grootliks afhanklik van skenkings van buite.

Daar is op Sondag 3 Mei 'n kollekte ten bate van die Pemba Teologiese Kollege wanneer jy kan bydra tot die voortbestaan van hierdie bastion van die Christendom.

Senior Lidmate (70 en ouer)

RSVP Fransa by die Kerkkantoor voor 24 Mei 2015

Onthou jou pantoffels!

◇ ADVERTENSIES ◇

Ten spyte van Tim Noakes se vleisdieet moet ons ook groente inkry. Nagenoeg 30 soorte groenteplantjies en LM gras beskikbaar by Charles Williams (0791675567 Molenstr 117). Jy is welkom om in die week by die kerkkantoor te gaan kyk na verskillende soorte plantjies.

DIE HONDESALON ... op– en aflaai
LEA 072-713-0745

Gert de Beer - Mesmaker
Maak messe, skêre en ander snygoed skerp. R10 per item (ten bate van die diakonie) Tel: 073-603-5035

Sosiale media...

www.youtube.com
/user/gkpotchbult

www.facebook.com
../gkpotchbult
../gkpotchbultG5
../VenterskroonBediening
../GKBultProjekte
../BultInternationalChurch

@gkpotchBult
#potchG5
#gkbult

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skribas: Ig Vorster: 082-788-5902
Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Koster (Molen): Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 084-678-3863
Preekbegeleiding: Henriette vd Zwan: 082-859-2229
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Klank: Stefan Linde: 072-811-1665
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843

Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843
Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Omgee-groep Seniors: Ans Geertsema: 073-192-8976
Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Finansiële kommissie: Carools Reinecke: 082-568-5652
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG